# HOE OM JOU OUERS TE EER

# OPDRAG MET 'N BELOFTE

**EFF 6:2-3 (AFR)**

**2** Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte—

**3** sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

**EFF 6:2-3 (AMP)**

**2** Honor (esteem and value as precious) your father and your mother--this is the first commandment with a promise--

**3** That all may be well with you and that you may live long on the earth.

# OPDRAG

- Eer jou Vader en jou Moeder
- **Honor** (esteem and value as precious)
- **Seën** (bemagtig om voorspoedig te wees)

# BELOFTE

“sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde”

“that all may be well with you and that you may live long on the earth”

- **Goed kan gaan**
- **Lank kan lewe**

# KULTUUR WAARIN ONS LEEF

- **Joodse kultuur** (respek/eer vir ouer geslag)
- **Ons kultuur** (respek/eer stelselmatig verdwyn)

**Lev 19:32**

Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE.

- Opdrag vanaf God
- Nie 'n wet nie – **"principle" wat God ingestel het om jou te seën.**

# WANNEER BRING ONS EER

- **Seën** (grieks “eulogia”)
- **Engelse woord** (“eulogy”)
- **Afrikaans** Huldeblyk
  Lofbetuiging
  Ophemeling
- Ons doen dit nadat die persoon gesterf het **(begrafnis)**

# VRAE IN ELKE SENIOR BURGER SE HART

- Het ek enige nut in die lewe?
- Het ek enigiets waardevol in my lewe bereik?
- Het my kinders my nog lief?
- Is daar enigiemand wat nog vir my omgee?
- Is ek nie net in die pad van almal nie?

# KINDERS DIE INSTRUMENT

- **Kinders** Instrument wat God wil gebruik om vrae te beantwoord.
- **Hoe?** Ouers te eer/seën.

# VIR OUERS TE SÊ

- Ek het jou lief.
- Jy is waardevol vir my.
- Ek bewonder wat julle in die lewe bereik het.
- Ek waardeer alles wat julle vir my opgeoffer het.

# HOE KAN ONS SENIOR BURGERS LAAT VOEL HULLE HET WAARDE

1. Aanvaarding
2. Waardering
3. Bewondering ("admiration")

Doen dit deur dit vir hulle te sê = **seën**

# OPDRAG SONDER VOORWAARDES

**Deut 5:16**

Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

- **Skrif sê nie:** “Eer jou Vader en Moeder, tensy hulle jou sleg behandel het nie / tenagekom het nie / verwerp het nie”
- **Skrif sê:** “Ten spyte van dit alles – eer jou Vader en jou Moeder”

## Onvoorwaardelik

**Matt 15:4-6**

**4** Want God het bevel gegee en gesê: Eer jou vader en moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe.

**5** Maar julle sê: Elkeen wat aan vader of moeder sê: enige voordeel wat u van my sou kan geniet, is 'n offergawe—dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie.

**6** So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering.

# IDENTITEIT vs OPTREDE

- **Identiteit** Wie die persoon is – ouers is
- **Optrede** Wat hulle doen – “behaviour”
- **As jy die twee meng** Nooit kan vergewe nie en hulle altyd verwerp

Jy haat wat hulle gedoen het (optrede), maar jy eer die persoon (identiteit).

# HOE KAN JY PRAKTIES JOU OUERS SEËN

- **Reël spesifieke geleentheid**
  Verjaarsdag / huweliksherdenking
  Spesifieke dag
- **Skryf seëninge neer**
  Waardering
  Wat hulle vir jou beteken.
  Laat familie / kleinkinders deelneem.

# GEESTELIKE VADERS / MOEDERS

**1 Kor 4:15**

Want al sou julle tien duisend tugmeesters in Christus hê, dan het julle tog nie baie vaders nie; want in Christus Jesus het ek julle vader geword deur die evangelie.

# VOORBEELD OM OUERS TE SEËN

- Ons eer julle vandag vir die onselfsugtige liefde, geduld en opoffering om ons groot te maak.
- Ons eer julle vir die voorsiening van materiële, emosionele en geestelike behoeftes deur die lewe.
- Ons eer julle vir die voorbeeld wat julle is in woorde en in dade.
- Dankie dat julle ons kinders/kleinkinders liefhet.
- Ons seën julle met 'n hart vol van vrede en liefde.
- Ons seën julle met gesondheid en liggaamlike krag.
- Ek seën julle geestelike lewe met nuwe passie en geestelike hoogtes.
- Ons seën julle laaste dae met finansiële voorspoed – met blydskap.
- Ons seën julle gedagtes met goeie herinneringe.
- Weet vandag dat ons julle liefhet – julle is nog steeds waardevol in ons lewe.